

H O O F S T U K I V .

STAATSONDERSTEUNDE ONDERWYS ONDER BURGERS, 1872 - 1877.

1. Behoeftte aan verandering.

Kort voor en met die diensaanvaarding van Burgers was die beheer van die onderwys nog steeds toevertrou aan die Uitvoerende Raad, en die algemene toestand van die onderwys was eenvoudig sleg. Die waarnemende President het reeds voor die koms van Burgers by die Uitvoerende Raad die aanstelling van 'n Algemene Skoolkommissie¹⁾ aanbeveel om die toestande enigsins verbeter te kry.

Diep onder die besef van die erns van die saak het die Volksraad op 13 Julie 1872 aan Burgers opdrag gegee om by die volgende sitting 'n skema vir die onderwys in te dien.

2. Die onderwysrapport van 1873.

Orals deur die land was daar 'n herlewing van belangstelling in die onderwys, soos onder andere bewys word deur die verslag wat in Maart 1873 uitgebring is deur 'n nie-offisiële kommissie bestaande uit die here W. Skinner, P. J. Marais, H. W. Struben, John Rind en James Buchanan, onder die opskrif „Report of the Pretorian Committee appointed 18th February 1873 to prepare a Scheme of Education for the S.A. Republic“²⁾). Dit getuig van 'n deeglike kennis van landsomstandighede en van 'n goeie insig in die onderwysbehoeftes. Hoewel hierdie skema nie deur Burgers en die Uitvoerende Raad aangeneem is nie, regverdig dit tog die nadere ontleding daarvan, omdat dit die opvattinge van 'n groep vooraanstaande manne oor die onderwys verteenwoordig.

-
1. Staatskoerant, no. 429, 9.7.1872: Toespraak van agerende staatspresident D. J. Erasmus, artikel 15.
 2. Daar bestaan geen sekerheid oor wie hierdie kommissie aangestel het nie. Op 18 Februarie 1873 het nóg die Volksraad nóg die Uitvoerende Raad vergader, en daarom is die mees voor die hand liggende verklaring dat die President dit benoem het, aangesien hy die vorige jaar opdrag gekry het om 'n onderwyswet op te stel en by die volgende sitting van die Volksraad voor te lê (Staatskoerant no. 434 van 13.7.1872). Hierdie rapport, wat op 30 Maart¹⁸⁷³ onderteken is, is o.a. ook gepubliseer in die Kwartaalblad vir Middelebare Skole, vol. lll. no. 11 van Sept. 1923, en in Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 289 - 302.

Volgens dié skema sou daar 'n sentrale onderwysraad in die lewe geroep word, wat met die hele sorg van die onderwys belas sou wees; die hoof daarvan sou die Direkteur wees. Dit stel dus 'n skema voor wat 'n hele organiese eenheid beoog.

Wat die skema se finansiële bestaanbaarheid betref, sou dit goed aangepas het by die ekonomiese toestande van die tyd waarvoor dit bedoel was. Daar is voorgestel om aan begaafde leerlinge beurse te verskaf om hulle na die dorpskool en later na die hoërskool te laat gaan. Die bedrag van £100 per jaar is daarvoor as voldoende beskou.

Om die onderwys beter te beheer was doelmatige inspeksie essensieel, en daarom is voorgestel dat salarisverhoging afhanklik moes wees van die aantal kinders wat normale vordering maak.

Vir die voorgestelde hoërskool in Pretoria moes vir eers twee geboue opgerig word, waarvan een moes bestaan uit 'n saal met een of twee klaskamers, onderwyserswoning en losiesplek vir 12 seuns, en die ander met 'n saal, 'n huis vir 'n onderwyseres en losiesplek vir 10 meisies. In Potchefstroom sou dieselfde vereis word. Volgens die voorgestelde skema sou die uitvoering van die plan finansiël moontlik wees, en dit sou 'n hegte kern vorm vir verdere ontwikkeling van die stelsel

Ten einde die plattelandse onderwys te verbeter en te bevorder moes die status van die distriksonderwysers verhoog en hulle salaris verdubbel word. Die gewone skoolgeld sou 2/6 per maand wees, en vir die hoërskool sou dit wees £7.10/- en £10 per jaar vir meisies en seuns respektiewelik.

3. Verdere pogings om die onderwys te organiseer.

Die voorgenoemde skema het glad nie aangepas by Burgers se nuwe denkbeelde en vrysinnige lewensopvatting nie.

Toe die Volksraad op 19 Mei 1873 bymekaargekom het, het Burgers nog nie sy nuwe onderwyswet gereed gehad vir voorlegging aan die Raad nie, dog hy het belowe dat hy miskien nog gedurende

die sitting 'n maatreël sou voorlê ter voorsiening in die groot behoefte aan onderwys vir die jeug ¹). Ook dit is nie gedoen nie, maar intussen het die Staatssekretaris opdrag gekry om pogings aan te wend om 'n beter oorsig van die onderwystoestande in die Republiek te kry. Hy het dan ook in Julie van dieselfde jaar 'm lys van 14 vrae vir beantwoording aan die landdroste uitgestuur, wat egter deur baie min en baie onvolledig voltooi is. Die landdros van Utrecht het baie volledig geantwoord, sodat ons 'n goeie begrip van sake in daardie distrik kry. Van die 432 kinders was daar sowat 270 van skoolgaande leeftyd, van wie 35 op die dorpskool was, 15 op die offisiële distrikskool, en van die orige 220 was 'n deel op skole van 5 private meesters ;m.a.w. van die 270 kinders was slegs 50 op die goewermentskole en ruim 160 op geen skool nie, want die 5 privaatskooltjies kon nie veel meer as 60 saam gehad het nie²).

4. Die Onderwyswet van 1874.

President Burgers was uiteindelik klaar met sy konseponderwyswet, wat in die Staatskoerant van 4 Februarie 1874 gepubliseer is. Nadat dit deeglik deur die Volksraad bespreek is, is dit met enige wysigings op 23 Oktober 1874 aangeneem as Wet No. 4 van 1874³).

a. Inleiding.

Vir die doel van hierdie studie is die inleiding van die wet van belang, en daarom word dit in die oorspronklike bewoording

-
1. Byvoegsel tot Staatskoerant, no. 475, 27.5.1873: Toespraak van die Staatspresident, art. 5.
 2. Lugtenburg: Geskiedenis van die Onderwys in die S.A.R., 95. Die oorspronklike brief waaruit Lugtenburg sy gegewens geput het, kon ek nie in die Pretoriase Staatsargief opspoor nie. Volgens die Register van Inkomende stukke, S.S. 1873, het die landdros van Rustenburg op 9 Oktober 1873 (R. 1594/1873), die waarnemende landdros van Utrecht op 8 Oktober 1873 (R. 1601/1873) en die landdros van Heidelberg op 14 Oktober 1873 (R. 1607/1873) geantwoord op die Staatssekretaris se omsendbrief No. 1196, waarin onderwysgegewens gevra word, maar in die Inkomende Stukke, S.S. Band 161/1873, word die bogenoemde briewe as vermis aangegee.
 3. V.R.B. Art. no. 155 d.d. 23/10/1874.
De Locale Wetten der Z.A. Republiek, Deel 1, 1849-1885, 566-582.
Staatskoerant, 4 November 1874.

hier aangehaal : "Nademaal het noodig bevonden is, dat de inrigting van het openbaar onderwijs, met eerbiediging van ieders godsdienstige begrippen, door de wet geregeld, gelijk dezelve van Staatswege geldelijke ondersteuning vindt, en nademaal het noodig is dat overal in het land en zooverre het mogelijk is van Regeringswege voorziening worde gemaakt voor voldoende openbaar onderwijs, en dat het onderwijs zoo veel mogelijk vrij zal zijn, behoudens het toezigt der Regeering en behoudens het onderzoek naar de bekwaamheid en zedelijkheid der onderwijzers en onderwijzeressen....."¹).

Die geldelike voorsiening wat die onderwys van staatsweë sou geniet „met eerbiediging van ieders godsdienstige begrippen“ is vir die latere praktiese toepassing en werking van die wet van die allergrootste belang. Artikel 26 van die konseponderwyswet (Staatskoerant van 4 Februarie 1874) wat gelui het dat „geen godsdienst onderwijs wordt gedurende de schooluren gegee“, het 'n storm van verontwaardiging en protes en 'n stroom van memories aan die Volksraad van die publiek uitgelok. Die feit dat godsdiensoonderrig op skool, wat die hoofdoel en basis van die vroeëre onderwys in die Z.A.R. was, deur artikel 26 verbied is, was 'n regstreekse miskenning van die Christelike-nasionale volkseie wat diep in die gemoed van die meeste Boere ingewortel was. Al is hierdie artikel deur die Volksraad in gewysigde vorm, aangeneem, het dit reeds dadelik die publiek van Burgers vervreem en van toe af was dit die man Burgers wat geoordeel sou word en nie die wet of die wet volgens die man nie. Hierdie gewraakte artikel was m.i. die hooforsaak waarom die ouers die andersins goeie wet so swak ontvang het. Dit het nie om finansiële nie maar wel om godsdienstige redes misluk, en dit sou ook die President se spoedige ondergang beteken.

b. Algemene bepalings.

Daar word onderskei tussen laer en hoër onderwys; eersgenoemde word nog verder onderverdeel in gewone en meer uitgebreide onderwys²).

1. De Locale Wetten der Z.A.Republiek, deel 1, 1849 - 1885, 566, Inleiding.
2. 1874-onderwyswet, art. 1 - 5.

(1) Gewone laer onderwys.

Die skole wat hiervoor voorsiening moes maak, is wykskole genoem, waarvan daar in elke veldkornetskap een moes wees (art.6 (1)). Wykskole sou 'n jaarlikse toelaag van £25 van die regering ontvang vir 'n gemiddelde inskrywing van 12 leerlinge per jaar; £50 vir 25 kinders en daarna £20 vir elke bykomende 10 kinders (art. 7). Die gemiddelde toelaag per kind was dus nagenoeg £2 per jaar.

(2) Meer uitgebreide laer onderwys.

Hiervoor was daar in die sentrum van elke distrik 'n distrikskool (art. 6 (2)) met 'n regeringstoelaag van £300 per jaar, en sodra daar meer as 100 kinders was, sou 'n verdere £100 betaal word vir hulponderwys (art.7). In vergelyking met die wykskool was die gemiddelde toelaag per kind hiervoor £3, met 'n snelle styging van £100 ekstra sodra die honderdtal oorskry word.

(3) Hoër onderwys.

Die skole wat vir hoër onderwys voorsiening moes maak, is gimmasia genoem. Daar sou eers een in Pretoria opgerig word; daarna indien moontlik een in Potchefstroom en vervolgens in ander stede of dorpe as dit nodig was (art. 6 (3)).

Die gimmasia sou £500 per jaar van die regering ontvang (art.7).

(4) Skoolbenodigdhede.

Die regering sou sorg vir 'n hoof- en takdepot waar skooltoerusting, modelle ens. verkrybaar was. Die Superintendent-Generaal van Opvoeding sou daarvoor toesig hou en aan die regering daarvoor verantwoordelik wees (art.9).

Hierdie reëling is 'n groot stap voorwaarts en sou die onderwys ten goede kom, want nou moes 'n bekwame onderwysman (die superintendent) sorg vir die verskaffing van skooltoerusting. Hy sou dus toesien dat geskikte toerusting in die skole gebruik word en sodoende eenvormigheid in die skole bewerkstellig, terwyl die voorraad sou aanpas

by die behoeftes van die onderwys - in elk geval sou dit beter in die behoeftes voorsien as wanneer die onderwysers dit volgens eie keuse moet aanskaf en voorsien.

(5) Geboue en meubels.

Die verskillende skoolkommissies in elke wyk en distrik moes sorg vir behoorlike skoolgeboue, meubels en toebehore. Die skoolkommissie moes sorg vir die aanskaffing van die nodige terrein, en indien daar nie geskikte goewermentsgrond of ander onbeboude grond was nie, moes die kommissie die nodige grond aankoop.

Die kommissie moes ook toesien dat die skoolgebou vir geen ander doel as onderwys en godsdiens gebruik word nie (art.10).

Artikel 10 het ook 'n verbetering vir die onderwys in die vooruitsig gestel, aangesien die skoolkommissiës nou moes sorg vir behoorlike geboue, meubels en toebehore. Aansluitend daarby het artikel 11 bepaal dat die bestaande skoolgeboue, wat regeringseigendom was, aan die skoolkommissies oorgedra sou word. Hulle kon dit met die toestemming van die regering verkoop en die opbrengs aanwend vir die aankoop van meer geskikte lokale.

(6) Toesig.

Die Superintendent-Generaal van Opvoeding moes toesig hou oor alle skoolgeboue en moes verder toesien dat geen onderwys gegee word in lokale wat deur hom of sy verteenwoordiger as ondoeltreffend verklaar is nie (art. 13).

Hiermee moes die skoolkommissies terdeë rekening hou, anders kon 'n gebou as onhygiënies of ondoeltreffend afgekeur word. Ook dit was dus 'n verbetering.

(7) Regeringsaanstellings.

Artikel 18 bepaal dat alleen persone wat deur die regering aangestel is, onderwys mag gee in alle skole wat regeringstoelae ontvang. So 'n persoon kan alleen aangestel word as hy 'n diploma besit (art. 19). Met hierdie reëling is ook getrag om die onderwys

nie alleen deeglik te beheer nie maar ook die standaard daarvan te verhoog.

c. Besondere bepalings vir skole.

(1) Toesig.

Alle soorte skole staan onder die direkte en algemene toesig van die Superintendent en verder onder die toesig van die plaaslike skoolkommissies (art. 21).

(2) Vereistes vir staatstoelae.

Vir die oprigting van wykskole en distrikskole wat op staatstoelae geregtig sou wees, was 'n gemiddelde jaarlikse inskrywing van 12 en 40 kinders respektiewelik 'n vereiste (art. 24).

(5) Skoolgelde.

Die volgende skoolgelde was maandeliks betaalbaar aan die tesourier van die skoolkommissie. (art. 28-29) :-

Wykskole :

vir kinders onder 7 jaar, 4/6 per maand ;
vir kinders bo 7 jaar, 8/- per maand.

Distrikskole:

vir kinders onder 7 jaar, 6/- per maand ;
vir kinders bo 7 jaar, 10/- per maand.

Hoërskole:

vir kinders onder 14 jaar, 20/- per maand ;
vir kinders bo 14 jaar 30/) per maand.

Die regering het die reg gehad om op aanbeveling van die skoolkommissie aan arm kinders algehele of gedeeltelike afslag van skoolgelde te gee (art. 30).

Hiermee was die onderwys nou binne die bereik van alle kinders. Ook die arm kind kon skoolgaan. Ouers was volgens hierdie wet nog verplig om by te dra tot die onderwys van hulle kinders . Daar was egter in die geval van al drie die tipes skole 'n verskil tussen die skoolgelde betaalbaar deur die jong en ouer kinders. Dit is jammer, want dit kon lei tot foutiewe opgawes van leeftye, soos later wel gebeur het. Ouers sou dus die leerlinge so jonk moontlik wou hou,

terwyl die onder^wysers en skoolkommissies om geldelike redes voorkeur aan ouer leerlinge sou gee.

Skoolgelde was aanmerklik hoër vasgestel as wat die geval by vorige reglemente was, en dit kon moontlik baie kinders die voorreg van onderwys ontnem weens die skaarste aan geld wat daar destyds was. Veral die skoolgelde vir leerlinge in die hoërskool was besonder hoog, en dit sou baie leerlinge uit die skool weg hou.

d. Die bepalinge vir onderwysers (-esse).

(1) Salarisskale:-

Artikel 43 van die wet bepaal dat die salarisse van onderwysers per jaar nie minder as die volgende sou wees nie :-

(a) Hoofde van

Hoërskool. £400,

Distrikskool. . . . £200,

Wykskool. £100;

(b) hulponderwysers vir

Hoërskool. £250,

Distrikskool . . . £125,

Wykskool. £ 30.

Onderwysers en onderwyseresse het dieselfde vergoeding ontvang (art. 44).

Die Superintendent sou bepaal wanneer die aanstelling van 'n hulponderwyser noodsaaklik en geregverdig was (art. 45). Dit was 'n beter reëling as onder die vorige wetgewing, waar slegs bepaal is dat 'n hulp onderwyser aangestel kon word maar nie wanneer en teen welke vergoeding nie.

Die Burgerswet maak ook 'n duidelike onderskeid tussen die salarisse van hoofde en hulponderwysers van die verskillende tipes van skole. Aangesien die vasgestelde skale ook die minimumskale was, kan ons aanneem dat daar 'n moontlike verhoging beoog is. Die vergoeding van onderwysers was heelwat hoër in vergelyking met dié soos bepaal deur vorige onderwysreglemente.

e. Die skoolkommissie.

Artikel 58 skrywe voor dat die skoolkommissies moet sorg vir geskikte skoolgeboue, toebehore en meubels, behoorlike uitbetaling van salarisse aan onderwysers en gereelde driemaandelikse verslae van die werksaamhede van die kommissie aan die Superintendent. Die tesourier van die skoolkommissie moes ook sorg vir die gereelde invordering van skoolgelde en die uitbetaling van salarisse aan onderwysers en moes ook maandeliks verslag doen aan die Superintendent (art.61)

Deur middel van die skoolkommissie het die ouers 'n belangrike aandeel aan die onderwys gehad, daar die kommissie moes sorg vir die skool en die toebehore. Die belangstelling of gebrek aan belangstelling van die ouers in die onderwys sou dus grotendeels bepaal in watter mate hulle skool geslaag sou wees.

X
f. Die Superintendent-Generaal van Opvoeding.

Die Superintendent-Generaal van Opvoeding word vir 7 jaar deur die regering aangestel (art. 67) teen £600 per jaar plus reiskoste vir sy besoeke aan skole (art.68). Hy is belas met die oppertoesig oor skole, met die reëling van die onderwys, met die geldelike en algemene administrasie van die depots en moes sorg vir die gereelde opstuur van maandstate en kopieregisters van skole (art.69). Hy moes jaarliks in Maart verslag doen aan die regering oor die algemene stand van die onderwys wat ook in die Staatskoerant gepubliseer sou word (art. 72).

Die instelling van die nuwe pos van Superintendent-Generaal van Opvoeding was 'n baie progressiewe stap, wat tot groot voordeel van die onderwys en opvoeding was, aangesien een persoon nou verantwoordlik was vir leiding, beleid en koördinering van die Republiekse onderwys. Die feit dat hy self inspeksie moes doen en die verslae oor skole en die stand van onderwys moes ontvang, bestudeer en saamvat in 'n jaarverslag, het hom 'n goeie geleentheid gegee om leemtes en gebreke in die onderwys uit te stryk. Met die oog hierop is artikel 141 van belang, daar dit bepaal dat alle onderwysers 'n behoorlike dagboek

en register moes aanhou, waarvan die vorms deur die regering verskaf is. Dit sou uniformiteit in skole bring en het deegliker en vollediger verslae in die vooruitsig gestel.

5. Betekenis van die wet.

Met hierdie wet het ons vir die eerste keer in die geskiedenis van die Transvaalse onderwys 'n wet wat breek met die ou tradisie van staatsonderwys, beliggaam in al die voorgaande reglemente en wette. Dit stel 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys in die plek daarvan. Om dit onder die stelsel van staatsondersteunde onderwys in plaas van staatskole vir die onderwyser moontlik te maak om 'n behoorlike salaris te trek, word 'n toelae gegee aan al die skole wat onder die wet val. Ook die skoolkommissies word nou deur die burgers van die wyk of dorp gekies. Die las wat deur die wet op die skouers van die skoolkommissies gelê is, was swaar, want hulle moes sorg vir skoolgeboue, meubels en leermittele maar bowenal ook vir die uitbetaling van die salarisse van die onderwysers. Dit was veral moeilik vir die kommissies van wykskole.

Laat ons die volgende voorbeeld ontleed. Ons neem 'n wykskool met 'n minimum aantal kinders (d.i. 12), van wie ons veronderstel dat 4 onder 7 jaar en 8 ouer as 7 jaar is, wat dan volgens wet £49.4/- per jaar aan skoolgeld moes betaal. Die regeringstoelaag hierby getel, gee 'n toelaag van £74.4/- per jaar, en dit noodsaak dus die skoolkommissie om nog £25.16/- van erens vandaan te haal ten einde die onderwyser se vasgestelde minimum salaris van £100 per jaar te betaal. Is die aantal kinders 25, dan val die moeilikheid weg, want dan word die toelaag £50 en die skoolgeld £100; dus 'n totaal van £150 per jaar wat meer as genoeg is om die onderwyser se £100 per jaar te betaal. Meesal was dit egter moeilik om soveel as 25 kinders in 'n wykskool bymekaar te kry.

In die distrikskool was die voorsiening oor die algemeen beter, want vir 'n minimum van 40 kinders is daar 'n toelae van £300. Skoolgeld sal in dié geval sowat £204 beloop, wat dus 'n totale in-

komste van £504 gee, waarvan die hoof volgens wet £200 en die hulponderwyser £125 kry; en dit sou dus 'n balans van £179 vir ander doeleindes laat. Styg die aantal kinders tot 100, dan word die verhouding nog gunstiger, want dan word die toelae £400, skoolgeld £525 (totaal £925). Kry die hoof hiervan £200 en die drie assistente saam £375, dan bly daar nog 'n balans van £350.

By die hoërskool was daar ook 'n gunstige balans, want daar was die toelae £500; skoolgeld van 25 leerlinge teen gemiddeld 25/- per maand: £375, wat 'n totaal van £875 gee en na betaling van die salaris van die hoof (£400) en die assistent (£250) 'n balans van £250 laat¹).

Opvallend is ook die groot verskille in die salaris van hoofde en assistente van die drie tipes skole. Die hoof van die hoërskool, distrikskool en wykskool se salaris per jaar was onderskeidelik £400, £200 en £100, terwyl die van assistente in dieselfde tipe van skole £250, £125 en £30 per jaar was. 'n Assistent aan 'n hoërskool ontvang £250 per jaar teenoor die salaris van 'n distrikskoolhoof van £200 en die £100 per jaar van 'n wykskoolhoof.

Juis hierin lê een van die groot gebreke van die wet. Dit het veels te hoog gemik. Terwyl die volk behoefte gehad het aan laer en middelbare onderwys, het Burgers hom byna uitgeput vir die versekering van 'n plek en baie geld vir die hoër onderwys.

Ten slotte kan opgemerk word dat die wet sekere kwalifikasies vir verskillende poste as vereiste gestel het. Onderwysers het dus vergoeding ontvang vir goeie kwalifikasies bo die vereiste minimum (art. 40).

6. Werking van die wet.

Voordat die Burgerswet in werking gestel kon word²), moes daar eers 'n superintendent gevind en aangestel word; daar was 'n gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers: die nodige geld het ontbreek en die

1. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 100 - 101.
2. Deur V.R.B., art 164 van 28 Mei 1875 uitgestel.

President self was in 1875 na Europa¹). Die wet is eers in 1876 in werking gestel²) nadat W. J. van Gorkum sy amp as Superintendent van Opvoeding in die Z.A.R. op 16 Februarie 1876 aanvaar het. Die volgende dag het die Staatsekretaris die landdroste kennis gegee om skoolkommissies volgens die wet te konstitueer. Op 1 Mei is die eerste distrikskool deur Van Gorkum geopen.

Die onderwyswet van Burgers is sonder geesdrif en met steeds toenemende teenstand ontvang en was slegs sowat 'n jaar in werking toe die Republiek deur Engeland geannekseer is. Daarom is dit dan ook so moeilik om 'n oordeel oor die werking van die wet uit te spreek, aangesien omstandighede dit nie die geleentheid gegun het om in die praktyk behoorlik toegepas en getoets te word nie. Hieroor skrywe Van Gorkum self op 27 Oktober 1877 aan Lyle: „As you know, Law 4 - 1874 came nominally into force the 25th February 1876: but it is hard to say when it actually went into force. I got my salary since 1st. August 1875, and the first district school was opened 1st May 1876. In my opinion the period during which the said law was and is partly in force, may rather be considered as a period of transition”³).

7. Uitgawes aan onderwys onder Burgers se bewind.

(1872 - 1877)

a. Finansiële toestand van die land ⁴).

Teen die einde van die sestiger jare het die Volksraad besluit om meer papiergeld uit te gee in 'n poging om die haglike finansiële toestand waarin die land verkeer het, enigszins te verbeter. Die waarde van die note het egter al meer en meer gedaal, sover benede die peil dat verskillende winkels, ja, tot selfs kerklike gemeentes, „goedvoors” moes invoer as wisselgeld. So kritiek was die toe-

1. Coetzee : Onderwys in Transvaal, 41.

2. Goewermentskennisgewing no. 36 van 15 Februarie 1876 in De Locale Wetten der Z.A.Republiek, deel 1, 1849 - 1885, 640.

3. W. J. van Gorkum - J. V. Lyle, d.d. 27 Oktober 1876.

4. Engelbrecht : The ~~Transvaal~~ ^{Transvaal} ~~Republic~~ ^{Republic} ~~of~~ ^{of} Burgers, hoofstuk VII. Burgers se po-

stand dat die amptenare wou bedank. Van die toestand kry mens nog 'n indruk/^{as} jy die notule van die Volksraad van 6 Februarie 1872 lees hoe die fungerende staatspresident meegedeel is dat die regering sekere stukke "wegens de schaarsheid van papier" nog nie kon laat druk nie¹).

Die waarde van die pond het gedaal tot 2/6 ²), en Burgers wou met sy diensaanvaarding 'n einde aan dié toestand van sake maak. Hy het derhalwe aan die hand gedoen om 'n lening van £60,000 te sluit om die note mee te vervang, wat deur die Volksraad goedgekeur is ³).

Die inwisseling van die note het in 1873 plaasgevind, nadat die lening met goeie gevolg by die Cape Commercial Bank gesluit was. Jaarliks sou £3000 afbetaal word en die binne- en buitelandse moeilik-hede is voorkom ⁴).

In 1873 is in die Lydenburgse distrik alluviale goud ontdek. Burgers het die ontwikkeling van die goudvelde gesteun en wou dit gebruik vir die ekonomiese opheffing van die Republiek. Hy het in 1874 goud na Europa gestuur en 837 ponde is geslaan, wat deur die Volksraad tot wettige betaalmiddel verklaar is ⁵).

Uit die voorgaande blyk dat die land op ekonomiese gebied in 'n treurige toestand verkeer het en nie veel geld vir die ontwikkeling van die Republiek se onderwys beskikbaar gestel kon word nie.

b. Koste van die onderwys.

Na president Burgers se ampsaanvaarding het die onderwys nog in die hande van die Uitgoerende Raad gebly totdat die Burgerswet in 1876 ⁶) in werking getree het.

1. Engelbrecht : Thomas Francois Burgers, 116.

2. Cachet : Gedenkboek der Geref. Kerk van Zuid-Afrika, 65 -66.

3. Engelbrecht : Thomas Francois Burgers, 118.

4. Ibid., 118.

5. Ibid., 121.

6. Gouvernementskennisgeving no. 36, 15 Februarie 1876 in De Locale Wetten der Z.A.Republiek , deel 1 ; 1849 - 1885. 640.

Weliswaar was daar met sy indienstreding 'n herlewing van belangstelling in die onderwys. Gegewens oor hierdie tydperk is egter karig. In sy verslag oor die toestand van die onderwys in die Transvaal¹⁾ sê Lyle "...in consequence of the entire absence of all systematic records in the Educational Department, it is almost impossible to arrive at definite conclusions as to the condition of Schools, and of Education in the Transvaal at given periods."

By gebrek aan gegewens oor onderwysaangeleenthede tydens die Burgersbewind kan ons alleen maar probeer om 'n beeld van die toestand te vorm deur die beskikbare begrotings van dié tyd as uitgangspunt te neem, maar selfs dit was nie eens volledig nie.

Tabel 11.

Staatsuitgawe aan onderwys van 1872 tot 1876.

Jaar.	Totale staatsuitgawe.	Staatsuitgawe aan onderwys.	Aantal onderwysers.	% van die sts.uitgawe.
1872	£35,714.	£1960.	12 goewt. 10 distr.	5.5 ²⁾ .
1873	--	--	--	³⁾ .
1874	£69,593.	£3100.	14 goewt. 14 distr. 1 Supt.G.v.O. (£600)	4.5 ⁴⁾ .
1875	£71,841	£3150	15 goewt. 12 distr. 1 S.G.v.Ond. (£600)	4.4 ⁵⁾ .
1876	£86,054	£4900	Supt.£600. onds.£3150. Gimmas.te Pta.£1150	5.7 ⁶⁾ .

Dit is nie moontlik om uit beskikbare bronne vas te stel hoeveel leerlinge daar destyds op skool was en hoeveel werklik aan die onderwys uitbetaal is nie, maar Lyle reken dat daar in 1877⁷⁾ in die hele Transvaal 150 leerlinge op skool was, maar daardie skatting is

1. Lyle: Report on the Condition of Education in the Transvaal in Transvaal Government Gazette no. 95 van 7 Januarie 1879, 1.
2. Byvoegsel tot Staatskoerant no. 407 van 23 Januarie 1872.
3. Geen begroting kon opgespoor word nie; Kyk ook Breanach: Development of the Public Finances of the S.A. Republic to 1877, 128 en Malherbe: Education in S.A., 232, voetnoot 37.
4. Byvoegsel tot Staatskoerant no. 558, 30 Des. 1874; E.V.R. 118, 291.
5. Staatskoerant, 2 Junie 1875. 6. Stskoerant, 28.6.1876. 7. Lyle, Report, 2, 1

te laag en kan nie aanvaar word nie. Volgens 'n benaderde skatting gebaseer op 'n telling van die leerlinge op ingekome onderwysstate in daardie jare, moet daar ongeveer 400 kinders in 15 goewermentskole gewees het¹⁾. Hierdie gegewens stem ook naasteby ooreen met 'n opgawe van Van Gorkum aan Lyle per brief onder datum 22 Oktober 1877²⁾.

In 'n poging om vas te stel wat die ouers se jaarlikse bydrae tot die onderwys van hulle kinders was, het ek die ingekome skoolstate en verslae⁵⁾ nagegaan, maar weens die onvolledigheid en onbetroubaarheid daarvan, miskien hoofsaaklik as gevolg van die Superintendent se onbekwaamheid vir die pos en sy onvermoë om sisteem en orde in die onderwysstelsel aan te bring, was dit nie moontlik om tot 'n betroubare gevolgtrekking te kom nie. Van Gorkum self het nie goed geweet hoe die skoolgelde en subsidies wat ontvang is, aangewend is nie. Die state van 'n paar skole wat goed bygehou is, gee egter 'n aanduiding van wat betaal is. So het die distrikskool in Pretoria byvoorbeeld van Mei 1876 tot Junie 1877 £271.4/- aan skoolgelde vermag en werklik £226.2/- ontvang, waarvan £152.19/- aan onderwysers betaal is, £22.13/- aan skoolmeubels, £10 aan pryse, en £11.6/- is bestee aan die insameling van die skoolgelde. Die Regering het die volgende bedrae aan die skool betaal: £200 per jaar salaris aan die hoof, salaris aan 2 assistente teen £125 per jaar en £50 aan die hoof vir sy reiskoste uit Holland. In die geval van die distrikskool in Potchefstroom is £155.19.3 aan skoolgeld ontvang vir die tydperk van Julie 1876 tot Junie 1877, terwyl daar nie gemeld word wat moes ingekom het nie. By ander skole (o.a. Wakkerstroom, Utrecht en Middelburg) het sake ook maar so-so gegaan. Die staat vir die Heidelbergse distrikskool vir Junie-Augustus 1876 toon 'n inkomste aan van £20.15.3 aan skoolgelde betaal deur ongeveer 16 leerlinge. Die koste betaal was £16.6/-, sonder nader ontleding daarvan.

Aan salarisse is in 1877 bedrae betaal waarvoor daar geen wet-

1. Kyk ook Malherbe : Education in South Africa, 248.
2. Kyk tabel IV op bl. 64 hieronder.
3. Kyk state o.a. in O.D. 119/1 vir 1876 en verder.

like voorsiening gemaak is nie. Van Gorkum het blykbaar nog volgens die ou wet gehandel, hoewel sommige van die skole in 1877 gestig is. Hy het self erken dat baie skole se geldelike toestand vir hom 'n probleem was, en tog het hy niks gedoen om die posisie te verbeter nie.

Die skoolkommissies het omtrent niks gedoen nie, sodat Lyle en ds. Bosman geneë was om hulle te laat vaar weens hulle onbekwaamheid en neiging om in rusies betrokke te raak. Die oerbydraes aan die onderwys van hulle kinders het met die lakse toepassing van die onderwyswet deur Van Gorkum geleidelik verminder, sodat die geldelike las van die onderwys mettertyd op die staat afgeskuif is.

c. Uitgawes vergelyk met die van die buurstate.

Neem ons die aantal leerlinge in Transvaalse skole op 400¹), dan moet nogtans toegegee word dat die onderwys in die Transvaal op 'n lae peil gestaan het in vergelyking met die van die buurstate. Lyle het in sy rapport probeer bewys dat die geld wat in Transvaal aan onderwys bestee is, veel beter bestee kon word deur 'n doeltreffender onderwysstelsel te gebruik en het vir die doel 'n vergelykende tabel²) opgestel. Daaruit blyk dat die aantal kinders per 1000 wat op skool was, baie laag was, naamlik 6.8. Daarteenoor stel hy die koste aan onderwys per leerling vir die staat op £11.8.9 of meer as twee keer so hoog as die van die ander provinsies.

Die Burgerswet van 1874 is vroeg in 1876 in werking gestel. Op 24 April 1877 het die Superintendent-Generaal van Onderwys gerapporteer dat daar in die Transvaal 9 skole bestaan het met 'n gemiddelde skoolbesoek van 306 leerlinge teen £3,500 per jaar of 'n gemiddelde per kind van £11.8.9³). Hierdie koste vir die staat van oor die £11 per kind per jaar sluit nie enige voorsiening vir skoolgeboue, meubels en boeke in nie. Dit sluit ook nie die skoolgelde in wat die ouers bygedra het nie. Dit is slegs vir salarisse en vergelyk derhalwe maar swak met die van die buurstate.

1. Kyk paragraaf 1, bladsy 60 hierbo.

2. Tabel 11 op bladsy 62 hieronder.

3. Lyle: Report on the Condition of Education in the Transvaal, art. 22, in Transvaal Government Gazette, 7 Jan. 1879.

Staatskoerant van 3 Mei 1883, p. 217, Bylae A: Voorlopige Verslag.

Tabel III.

Vergelykende tabel, aantonende kinders in skool en staatskoste per kind aan onderwys¹).

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Staat.	Bevolking. Blankes.	Totale be- volking, insluitende nie- blankes.	Blanke kinders wat skool besoek.	Totale aantal skool- gaande kinders. blank en nie-blank	Geskatte aantal kinders van skool- gaande leeftyd. Blankes.	Geskatte aantal kinders van skool- gaande leeftyd. Blank en nie-blank.	Per 1000 wat skool- gaan.	Alle klasse soos vir 8.	Koste per leer- ling vir staat.
KAAP	236,783		19,500		40,000		82.35		
KAAP		720,738		52,000		100,000		72.14	14: 3
NATAL	21,045		2,519		3,500		119.69		2:19: 4
O.V.S.	50,000		1,006		8,000		20.12		5: 3: 4
TRANSVAAL	45,000		306		7,000		6.8		11: 8: 9

1. Lyle, J.Vacy: Report on the condition of education in the Transvaal in Transvaal Government Gazette, Vol.111, no.95 van 7 Januarie 1879, 2, art.22.

In die Vrystaat was die totale uitgawe aan onderwys vir die jaar 1877/78 £10,041,19.10, waarvan £5,201,0.10 vir salarisse was. Die res (£4,840.19/-) is aangewend vir die oprigting van skoolgeboue, huur van skoolhuise, voorsiening van meubels, ens. 1006 kinders het daar onderwys geniet teen 'n koste per kind van £5.3.4 vir die staat aan salarisse en 'n totale koste, geboue ens. ingesluit, van £10.0.10¹).

In die Kaapkolonie was daar in 1876 52,000 kinders, van wie 19,500 blankes was, in staatsondersteunde skole. Die uitgawe aan onderwys per kind was £1.10.9 vir onderrig alleen, terwyl die totale uitgawe per kind op £2.13.4 te staan gekom het, waarvan die staat £1.4.8 bygedra het²).

In Natal was die uitgawe in 1876 vir 2,519 kinders in staatsondersteunde skole £6,222 of £2,9.4 per kind³).

Die persentasie kinders van skoolgaande leeftyd wat werklik in publieke skole was gedurende 1877, was 60% in Natal, 49% in die Kaapkolonie, 12% in die Oranje-Vrystaat en 8% in die Transvaal⁴). Hierby moet egter in gedagte gehou word dat die gemiddelde skoolleeftyd van 'n kind in Transvaalse skole teen 1891 slegs maar 2 jaar was⁵).

d. Van Gorkum se werk.

Die Burgerswet is langamerhand toegepas, maar die werking daarvan is deur die anneksasie verhinder. Hoewel die Z.A.R. in April 1877 geannekseer is, is die Burgerswet daarna egter nog 'n tyd lank toegepas. In 'n brief van Van Gorkum onder datum 22 Oktober 1877 gee hy die volgende besonderhede van die toestand van die onderwys toe die Burgerswet in werking gestel is.

1. Lyle, J. Vacy : Rapport, art. 18.

2. Ibid., art. 19.

3. Ibid., art. 20.

4. Malherbe : Education in South Africa, 249.

5. Jaarverslag van die Superintendent van Onderwys, 1891, p.10.

Tabel IV

Toestand van die onderwys (volgens Van Gorkum) in 1876.

Skole	Aantal leerlinge	Bydrae Ouers	deur Staat	Totale koste v. Onderwys	Koste per ll.
6 distrikskole	210	£668	£2041	£2709	£13 ¹).
4 wykskole	107	50	585	635	6 ¹).
5 goewt. skole	125	60 ¹)	900 ¹)	960 ¹)	8 ¹).
TOTAAL.	442	778	3526	4504	8 ¹).

Origens gee Van Gorkum baie min gegewens oor onderwys, en 'n mens vra jou af waarmee hy hom al die maande besig gehou het. Uit sy onderwysdokumente in die Pretoriase Staatsargief is daar min wat duidelik is. As daar ooit iemand was wat 'n swak keuse was vir 'n administratiewe pos, waar hy as eerste Superintendent van Onderwys oor slegs 'n paar onderwysers en skaars 400 kinders 'n begin moes maak met 'n sistematiese statistiek van onderwys, dan was dit seker Van Gorkum. Uit die state self, veral waar dit geldsake betref, blyk dat hy met omtrent niks op hoogte was nie en dat daar chaos geheers het. In geen opsig het hy probeer om die onderwyswet volledig toe te pas nie. Dit het hoofsaaklik gegaan soos onder die Wet van 1866, waar die onderwyser sy salaris van die goewerment ontvang het²). By die ontleding van die state van skole ontvang gedurende 1877, blyk dit dat by die invordering van skoolgelde en die betaling van onderwysers se salarisse daar baie afwykings van die bepalings van die Burgerswet was.

Van Gorkum se Departement was dus in groot wanorde. Die skoolkommissies wat onder die wet gekies is, het hulle pligte glad nie of baie sleg uitgevoer en glad nie na die finansiële aspek omgesien nie. Dit was trouens onnodig by die oordad van die regering en by die gebrek aan organisasie by die Superintendent.

Hoewel toegegee moet word dat die Burgerswet onwelkom was by die publiek, het dit die Superintendent nietemin nie verhinder om

1. Benader tot die naaste pond.

2. Kyk ook Lugtenburg :Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 112.

sistematies te wees en om die bepalinge van die wet na te kom nie.

Dr. E. G. Malherbe sê van hom: "van Gorkum was a hopeless statistician, and his records, especially with regard to school finances, seem to have been in a continual state of chaos. This fact may have contributed as much as anything else to the failure of the whole system. . ."¹).

Van Gorkum het na die anneksasie nog sy pos behou, maar omdat hy nie die vertroue van die regering of van die publiek gehad het nie, het hy op 21 Maart 1878 bedank.

8. Mislukking van die wet.

Die Burgerswet het uit die staanspoor nie die waardering en steun van die bevolking geniet nie. Dit het nie by die volksaard aangepas nie en het nie rekening gehou met die behoeftes van die volk nie. Hoewel die koste van onderwys per kind onder sy wet hoog was, het die onderwys 'n baie geringe aantal kinders bereik. Die wet het veels te hoog gemik, want in plaas van aan die volk laer en middelbare onderwys te gee waaraan die volk en die tyd 'n behoefte gehad het, het hy hom meer toegespits op hoër onderwys; artikel 26 van die Onderwyswet het die onderwys verwêreldlik; die ouers wou nie hulle kinders skool toe stuur om hulle aan Burgers se tydgees van modernisme te oorhandig nie. Vir die ouers was godsdiensonderrig op skool nog steeds die hoofdoel, want daardeur is die aanneming van hulle kinders as lidmate van die kerk bespoedig en dit was, soos hulle geglo het, onder die Burgerswet nie moontlik nie. Daarom wou hulle dan ook nie die skole ondersteun nie. Ds. J. P. Jooste²) het hierdie opvatting doelbewus onder die ouers gepropageer, en daardeur is aan die Burgerswet nie 'n billike geleentheid gegun nie.

Daarby moet nog gereken word dat die Superintendent 'n ongelukkige keuse was en nie geskik was vir die pos nie. Ook die meeste skoolkommissies was onbekwaam vir hulle taak, en al was hulle ook bekwaam het die verwêreldliking van die onderwys hulle sodanig dwars

1. Malherbe :Education in South Africa, 248, voetnoot 22.

2. Vgl. o.a. Volksraadsnotules van 1876, asook ingekome memories nrr. 36, 38, 49, 50, 87, 88, 109, 110 en 111, waarvan lg. deur ds. J. P. Jooste en 365 burgers onderteken is.

in die krop gesteeek dat hulle nie geneë was om hulle vir die bevordering van die onderwys deur die oprigting van die nodige skoolgeboue en insameling van geld te beywer nie.

Die ouers was ook ontevrede omdat president Burgers gebreek het met die ou tradisie van staatsonderwys en dit deur staatsondersteunde onderwys vervang het, en, soos ook later nog herhaaldelik aangetoon sal word, was die meeste ouers maar taamlik ongeneë om geldelik tot die onderwys van hulle kinders by te dra.

Lyle noem ook hierdie en ander faktore as oorsake van die mislukking van die wet. Hy sê dat "the causes of failure of the second class (i.e. leaving too much to be done by local enterprise in a system of purely State Education) arise from too much being left to local management in a thinly populated country, where necessarily the power for organization must be small, and too much is left to be supplied out of local resources in a system of purely State Education. The Government pays the teacher and exercises a general supervision, but it is from local resources that school buildings and school requisites must be provided, and the consequence is, they are with few exceptions of a make-shift character and unsuitable" 1).

Om die voorgenoemde redes was die huisonderwys gedurende Burgers se tyd meer in swang as ooit tevore. Daar was private onderwysers^{wat}, afgesien van losies en inwoning, van £5 tot £8 per maand verdien het. Dit vergelyk baie goed met die salarisse van die hoogste assistente, naamlik £125 per jaar, sonder losies 2).

Hiermee eindig een van die mins produktiewe tydperke in die onderwysgeskiedenis van die Transvaal.

1. Lyle :Report on the Condition of Education in the Transvaal, 16th November, 1878, in Transvaal Government Gazette no. 95, January

7. 1879, par. 30 - 35.

2. Uittreksel uit De Jongh van Arkel se Dagboek, 7.